

**PREEK**  
**6 MEI 2018**

TEKS: ESEG 33:21

TEMA: Die dag as God oordeel! Vrees of Vertroue?

Vandag se boodskap vorm deel van 'n reeks (=Pinsterreks) wat fokus op God Drie-Enig se beweging na die wêreld wat Hy geskep het – ook bekend as Missio Dei (God se Sending). As Skepper is God Eienaar, Heerser (=Koning) en Onderhouer van Sy skepping. In Handeling 17:31 lees ons dat **God 'n dag bepaal het waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur 'n Man wat Hy uitgekies het. As bewys daarvan vir almal het Hy Hom uit die dood laat opstaan.** Esegïel 33:20, soos verskeie ander Ou Testament profete, verwys ook na dié dag: **“Ek sal elke mens onder julle oordeel volgens sy doen en late.”** Ook Jesus, dié Een wat volgens Lukas op dié dag as Regter die oordeel gaan fel het Sy gehore deurlopend met die oog op dié dag voorberei (vgl Matt 11:20-24; 13:49v; 18:8-9; 24-25). Met die oog op dié dag moet ons elkeen slag gereed wees, want dit kom onverwags (Matt 24:36-44). Deur middel van drie gelykenisse verduidelik Jesus dit: Matt 24: 45-51; 25: 1-13; 25:14-30). Dit is 'n dag wanneer gelowiges en ongelowiges geskei word. Vir God se kinders is dit 'n dag waarna hulle verlang en uitsien. Vir dié wat God-loos gelewe het, 'n dag van verskrikking!

Met die oog op dié dag lig die profeet Esegïel die sluier. Hy praat met sy mense wat nou in Ballingskap sit. Hulle het daar beland as gevolg van hul eie ongehoorsaamheid. Vir jare het profete hulle gewaarsku om nie God se pad te verlaat nie. Hulle het en toe gebeur die onvermydelike, die Ballingskap. Die geskiedskrywer van 2 Kon 17: 7-41 som dit so op: “die Here het Israel en Juda deur elke profeet en siener gewaarsku: **“bekeer julle van julle verkeerde paaie. Kom my geboeie en voorskrifte na volgens die hele wet wat Ek julle voorvaders beveel het, wat Ek deur my dienaars die profete aan julle gegee het. Maar julle wou nie luister nie...(vs 13-14)...Uiteindelik het die Here hulle laat vaar, soos Hy deur al sy dienaars, die profete, gewaarsku het. Hy het Israel (=10 stamme met Samaria as hoofstad) uit sy land na Assirië toe laat wegvoer.....)** Ongeveer 130 jaar later volg die twee Juda-stamme met Jerusalem as hoofstad dieselfde pad toe die Babiloniërs ook hulle in Ballingskap wegvoer. Daar in die vreemde sit hul nou in sak en as. Hul lofsange het in 'n treurlied verander (Ps139). Hulle bely moedeloos: **ons opstandigheid, ons sonde rus swaar op ons, ons vergaan daaronder, hoe kan ons lewe”** (Eseg. 33:10). Hierop openbaar God sy hart deur Esegïel. Sonde en die gevolge van sonde het en hoef ook nie die laaste sê oor ons lewe te hê nie. Nee terugkeer (=beking) na God se pad is God se wil. Dit is die enigste pad na die lewe – die pad saam met God: **“Ek wil hê hy moet van sy optrede afsien, en lewe, BEKEER julle, bekeer julle van julle bose optrede”**. God se pad is die enigste pad. Dit is die pad van die lewe. Alle afdraaipaaie is **dood**-loopstrate (Ps 73:17-20). Dit is op God se pad waar HY sy beloftes aan diegene wat Hom volg, vervul.

Die verrassende nuus wat Esegïel aan sy teneergedrukte gehoor deurgee, is dat daar uitkoms is! Dié uitkoms lê in hul hande. Hulle moet omdraai, terugdraai na God. Vir elke sondaar geld dié uitnodiging (Eseg. 33:44-16). Hoe groot jou sonde ook al was, as jy met opregtheid na God terugkeer, verruil jy die dood vir die lewe. Dit maak ook nie saak hoe goed jy voorheen geleef het nie. As jy die Here se pad verlaat het, tel jou goeie lewe van vroeër nie in jou guns nie. Jy moet terugkeer vanwaar jy die pad saam met God verlaat het (Eseg. 33:12-13), want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor elkeen gaan oordeel. Op dié dag sal elkeen se doen en late onder die vergrootglas geplaas word.

God openbaar hom as die heilige God wat sonde straf. Maar Hy is ook die genadige, barmhartige, liefdevolle God wat sondaars nie afskryf nie, maar opsoek en na Hom terugroep. Vir dié doel het Hy profete gebruik om dié uitnodiging reg deur die geskiedenis tot ons as mense te rig. Maar die boodskappers van God se waarskuwings is geminag en baie van hulle het met hul lewens geboet.

Toe stuur Hy Jesus. En die naam Jesus beteken Verlosser (Matt 1:21). Jesus het ons op die dood-loop strate van die lewe kom opsoek. Hy het as Geneesheer gekom om ons van sondebesmetting en die dood te kom genees (Matt 9:10-12). Hy het die verlore skaap kom soek. Hy het bekend geword as die vriend van sondaars. Hy was die openbaring van God wat ons liefhet ten spyte van ons sonde (Rom 5:8). Joh 3:16-17 verduidelik die koms van Jesus so: **want so lief het God die (sondige) wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word."**

Daarom het Jesus ons sondeskuld oorgeneem en is Hy in ons plek gestraf. Aan die kruis hang Hy tussen ons en die oordeelsdag. Daar bid Hy: **Vader vergeef hulle....** Daar voldoen Hy aan die eise van God se geregtigheid wanneer Hy verklaar: **Dit is volbring!** Met sy opstanding word Hy die Weg na die lewe. Wie Jesus volg, loop God se pad soos Hy dit gedoen het. Dit is die pad waar jy God bo alles en almal liefhet. Dit is 'n pad van onselfsugtige offervaardigheid en nederige afhanklikheid. Wie die pad loop, het niks te vrees op die dag van afrekening nie, want God is betroubaar. Hy sal sy beloftes aan elkeen wat in Jesus se spore volg, vervul. Soos die Vader Jesus na die doodloopstrate van die wêreld gestuur het, stuur Hy ons ook (Joh 17:4) Ons het die profetiese roeping om God se getuienis te wees – van genade en oordeel. Hy vul ons deur sy Gees met Sy onvaarwoordelike sondaarsliefde. Sy Gees bemagtig ons om te getuig. Dit is ons lewenslange roeping en voorreg. So bly ons lampies vol olie, woeker ons met die vyl en twee muntstukke wat ons ontvang het, voer ons as bestuurders ons opdrag uit en sien ons reikhalsend daarna uit om saam met Hom op die nuwe aarde te woon (Openb 21-22).

Besprekingsvrae.

1. Hoeveel paaie is daar wat na die lewe lei.
2. Watter waarskuwing rig Esegïël 33:12-13,20 tot ons.
3. Watter goeie nuus deel Esegïël ons mee.
4. Wat moet ons doen om die slegte nuus in goeie nuus te verander (Eseg.33:11b).